# LAERSKOOL SWARTKOP

Inskrywing

Graad 1 - 7

2027

**Kontaknommer**
012 654 1181

E-pos Inskrywing na
**inskrywings@laerskoolswartkop.co.za**

## STUUR DIE VOLGENDE DOKUMENTE SAAM MET DIE INSKRYWINGSVORM:

- [ ] Inentingskaart (SLEGS Gr 1 leerders)
- [ ] Geboortesertifikaat van leerder
- [ ] Identiteitsdokumente van ALBEI ouers / voogde
- [ ] Bewys van adres, nie ouer as 3 maande

**INDIEN LEERDER OORGEPLAAS WORD VAN 'N ANDER SKOOL**

- [ ] Nuutste rapport - vorige skool
- [ ] Oorplasingskaart - vorige skool

**ANDER DOKUMENTASIE (INDIEN VAN TOEPASSING)**

- [ ] Bv. Doodsertifikaat van ouer, sielkundige verslae, voogskap, studiepermit

## SKOOLFOOIE

Laerskool Swartkop is 'n publieke, fooi-betalende skool met skoolfonds wat elke jaar deur die Beheerliggaam bepaal en tydens die Algemene Ouer Jaarvergadering in Oktober goedgekeur word. Kragtens Artikel 39 en 40(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, is die ouer / voog aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld. Sodra u ingeskryf het sal ons 'n FAMILIEKODE aan u stuur wat as skoolgeldverwysing gebruik moet word.
**Let wel: Vrystelling / Subsidie kan ongelukkig nie vir graad RR en R gegee word nie.**



## KOMMUNIKASIE

Laerskool Swartkop maak gebruik van **d6 Communicator** (App) en **Whatsapp-klasgroepe** gebruik vir kommunikasie.

**Ons sien daarna uit dat u deel word van die Swarrie familie!**

# INSKRYWINGSVORM - 2027

VOLTOOI MET 'N SWART PEN ASSEBLIEF

**HET U ENIGE LEERDERS TANS/VOORHEEN IN HIERDIE SKOOL?** ☐ Ja ☐ Nee

Naam van ander leerder(s) : ____________________

DATUM: 14 APR 2026

## LEERDERINLIGTING

### LEERDER

Volle name: ____________________
Van: ____________________
Noemnaam: ____________________
Geboortedatum: ____________________
ID-nommer: ____________________
Nasionaliteit: ____________________
Kerkverband: ____________________
Geslag: ☐ Manlik ☐ Vroulik
Bevolkingsgroep: ____________________
Huistaal: ____________________
Voorkeur onderrigtaal: ____________________
Behendigheid: ☐ Links ☐ Regs ☐ Beide
Leerder selfoonnommer: ____________________
Leerder e-posadres: ____________________
Toelatingsdatum: ____________________
Graad in 2027 : ____________________
Jare in graad vir 2027 : ____________________
Jare in fase vir 2027 : ____________________
Voorskoolse opvoeding bygewoon: ☐ Formeel ☐ Informeel ☐ Ander: __________
Geregistreer vir 'n maatskaplike toelaag: ☐ Ja ☐ Nee
Ontvang maatskaplike toelaag: ☐ Ja ☐ Nee
Mediatoestemming: ☐ Ja ☐ Nee

Metode van vervoer: ____________________
Taxi/Bus registrasienommer: ____________________
Bestuurder se naam: ____________________
Kontaknommer: ____________________

### NAASBESTAANDE-INLIGTING

Naam: ____________________
Kontaknommer: ____________________
Alternatiewe Kontaknommer: ____________________
Verwantskap: ____________________

## SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK

Familiekode: ____________________
Registerklas: ____________________
Toelatingsnommer: ____________________
Waglys: ☐ A ☐ B
Nommer op waglys: __________
ID afskrif: ☐
Oorplasingskaart: ☐
Bewys van adres: ☐
Rapport: ☐
Geboortesertifikaat: ☐
Kliniekkaart ☐

### FAMILIE-INLIGTING

Gesinstatus: ☐ Beide ouers ☐ Enkelouer - Nooit getroud ☐ Pleegsorg ☐ Kinderhuis ☐ Enkelouer - Geskei ☐ Ander ☐ Hersaamgestel ☐ Weduwee/Wewenaar
Ouers oorlede: ☐ Moeder ☐ Vader ☐ Geen

### LEERDERGESONDHEIDSINLIGTING

Kroniese siektes: ____________________
Allergieë: ____________________
Medikasie: ____________________

### MEDIESE FONDSINLIGTING

Naam: ____________________
Telefoonnommer: ____________________
Lidnommer: ____________________
Hooflid: ____________________

### HUISDOKTERINLIGTING

Naam: ____________________
Telefoonnommer: ____________________
Besigheidsadres: ____________________
____________________

### INLIGTING VAN VORIGE SKOOL/SPEELGROEP/KLEUTERSKOOL

Eerste inskrywing van leerder in Gauteng: ☐ Ja ☐ Nee
Het leerder verlede jaar skool bygewoon ☐ Ja ☐ Nee
Indien wel, watter Provinsie/Land: ____________________
Vorige skool ____________________
Telefoonnommer ____________________
Adres ____________________
Provinsie ____________________
Hoogste graad in vorige skool ____________________
Rede vir skoolverlating ____________________



*Gaan voort na Bladsy 2...*

## BIOLOGIESE OUER / WETTIGE VOOG 1 INLIGTING

Titel: ______
Volle name: ______
Van: ______
Voorletters: ______
Noemnaam: ______
ID-nommer: ______
Nasionaliteit: ______
Huistaal: ______
Huwelikstatus: ☐ Enkellopend ☐ Gemeenregtelik getroud ☐ Geskei ☐ Getroud ☐ Tradisioneel getroud ☐ Uitmekaar ☐ Verloof ☐ Weduwee/Wewenaar
Kommunikasie: ☐ SMS ☐ E-pos ☐ Pos ☐ Per hand
Komm. taal: ______
Selfoonnommer: ______
Huis tel: ______
E-pos: ______
Woon die leerder by hierdie ouer? ☐ Ja ☐ Nee

Woonadres: ______
Posadres: ______
Beroepstatus: ☐ Eie Werkgewer Professioneel ☐ Eie Werkgewer Nie-Professioneel ☐ Huisvrou ☐ Deeltyds ☐ Kontrakwerker ☐ Pensioenaris ☐ Student ☐ Tydelik ☐ Voltyds ☐ Werkloos
Beroep: ______
Werkgewer: ______
Werkstelefoonnommer: ______
Werkgewer fisiese adres: ______

## BIOLOGIESE OUER / WETTIGE VOOG 2 INLIGTING

Titel: ______
Volle name: ______
Van: ______
Voorletters: ______
Noemnaam: ______
ID-nommer: ______
Nasionaliteit: ______
Huistaal: ______
Huwelikstatus: ☐ Enkellopend ☐ Gemeenregtelik getroud ☐ Geskei ☐ Getroud ☐ Tradisioneel getroud ☐ Uitmekaar ☐ Verloof ☐ Weduwee/Wewenaar
Kommunikasie: ☐ SMS ☐ E-pos ☐ Pos ☐ Per hand
Komm. taal: ______
Selfoonnommer: ______
Huis tel: ______
E-pos: ______
Woon die leerder by hierdie ouer? ☐ Ja ☐ Nee

Woonadres: ______
Posadres: ______
Beroepstatus: ☐ Eie Werkgewer Professioneel ☐ Eie Werkgewer Nie-Professioneel ☐ Huisvrou ☐ Deeltyds ☐ Kontrakwerker ☐ Pensioenaris ☐ Student ☐ Tydelik ☐ Voltyds ☐ Werkloos
Beroep: ______
Werkgewer: ______
Werkstelefoonnommer: ______
Werkgewer fisiese adres: ______



*Gaan voort na Bladsy 3...*

## ONDERNEMING DEUR OUER / VOOG

Ek, ________________ (Naam van Ouer / Voog) verklaar hiermee dat die inligting in hierdie vorm deur my weergegee, waar en juis is en dat ek by wyse van my handtekening hieronder aan die Voorsitter van die Beheerliggaam of sy verteenwoordiger toestemming verleen om enige van die besonderhede deur my verskaf na te gaan en te bevestig. Ek is bewus dat, sou enige van die inligting deur my verskaf onwaar bevind word, ek krimineel vervolg kan word.

Geteken te ________________________________ op ____________ dag van _________________________ 20___

Handtekening van Ouer / Voog : ________________________________

## REKENPLIGTIGE- INLIGTING

☐ Biologiese Ouer 1 ☐ Biologiese Ouer 2 ☐ Ander

**Slegs indien 'Ander', voltooi asseblief gedeelte A of B hieronder:**

### A) INDIVIDU

Titel: ____________________

Volle name: ____________________

Van: ____________________

Voorletters: ____________________

Noemnaam: ____________________

ID-nommer: ____________________

Huistaal: ____________________

Kommunikasie: ☐ SMS ☐ E-pos ☐ Pos ☐ Per hand

Komm. taal: ____________________

Selfoonnommer: ____________________

Telefoonnommer: ____________________

Faksnommer: ____________________

E-pos: ____________________

Woonadres: ____________________

____________________

____________________

Posadres: ____________________

____________________

____________________

### B) MAATSKAPPY / BESLOTE KORPORASIE / TRUST

Titel: ____________________

Naam: ____________________

Registrasienommer: ____________________

Komm. taal: ____________________

Kontaknommer: ____________________

Faksnommer: ____________________

Besigheidsadres: ____________________

____________________

____________________

Posadres: ____________________

____________________

____________________

### BANKBESONDERHEDE

Bank: ____________________

Tak: ____________________

Takkode: ____________________

Rekeningtipe: ☐ Tjek ☐ Transmissie ☐ Spaar

Bankrekeningnommer: ____________________

Rekeninghouer: ____________________

## DEBIETORDERMAGTIGING

Indien u van 'n debietorder gebruik wil maak, kontak asb. die skool vir die korrekte vorms.

## KONTRAK MET SKOOL TEN OPSIGTE VAN BETALING

Ooreenkoms tussen Laerskool Swartkop en ____________________________________________ (Naam van ouer / voog) t.o.v. die betaling van skoolgeld.

1. Laerskool Swartkop is 'n Artikel 21 Openbare Skool en mag skoolgelde hef volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet No. 84 van 1996) en die National Educating Policy Act (Wet No. 27 van 1996) - National norms and standards of School Funding.
2. U is aanspreeklik vir die betaling van die skoolgeld soos bepaal ingevolge Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, tensy en tot die mate waartoe u van betaling vrygestel is kragtens hierdie Wet.
3. Ten spyte daarvan dat 'n hof bepaal het dat 'n ander persoon die voorgeskrewe skoolgeld moet betaal, soos vervat kan wees in egskeidings-skikkings bevele, en/of enige ander gepaste hofbevel, bly dit steeds die verantwoordelikheid van alle persone wat voldoen aan die definisie van "ouer" in die SA Skolewet, om skoolfonds te betaal en alle "ouers" is gesamentlik en afsonderlik teenoor die skool aanspreeklik vir die betaling van alle skoolfondse wat deur die skool gehef is en of sal word ten opsigte van 'n spesifieke leerling.
4. Betaling van skoolgeld aan Laerskool Swartkop sal as volg geskied:
   (Merk asseblief in toepaslike blokkie met kruisie)
   - ☐ A Eenmalige betaling voor of op die sperdatum soos bepaal tydens die jaarlikse ouervergadering.
   - ☐ B Afbetaling oor 11 maande.
   - ☐ C Ander reëlings sal skriftelik met die Skool getref word op my verantwoordelikheid en inisiatief.
5. Ek / Ons is bewus dat ons kan aansoek doen vir vrystelling van skoolgelde vir 2027 en indien ons van voorneme is om aansoek te doen vir vrystelling, sal die relevante aansoekvorm volledig voltooi word.

6. Indien u wil appelleer teen 'n beslissing van die Beheerliggaam ten opsigte van die vrystelling van u verpligting van skoolgelde, kan u dit doen by die Departementshoof van die Onderwysdepartement, wat te alle tye die bepalings van bogenoemde Wetgewing sal toepas en verplig sal wees om 'n behoorlike regsproses te volg ten einde die belange van u as ouer en van die Beheerliggaam te beskerm.
7. Indien ek agterstallig is met betaling van skoolgelde, sal ek aanspreeklik wees vir die betaling van die kostes aangegaan om dit in te vorder op 'n prokureur- en kliënteskaal.
8. Ek kies hierdie onderstaande adres as my domicilium citandi et executandi vir aflewering of betekening van kennisgewings of pleitstukke.
   Woonadres (Nie 'n posbus adres nie):
   ______________________________________________________________________________
   ______________________________________________________________________________
9. Ek / Ons die ouers / voog van ________________________________ onderneem om my / ons te hou by die ooreenkoms soos hierbo uiteengesit

Handtekening van Ouer / Voog: ____________________ Datum: ____________________

**VRYWARING / TOESTEMMING OM AAN ALLE GEORGANISEERDE AKADEMIESE, SPORT- EN KULTUURAKTIWITEITE DEEL TE NEEM**

1. Ek, ouer / voog van ____________________________________ gee hiermee toestemming dat hy/sy aan alle akademiese, sport- en kultuuraktiwiteite wat deur die skool op 'n georganiseerde wyse aangebied word, mag deelneem. Om toetse deur die skool ondersteuningsspan met die oog op hulpverlening in skoolwerk of identifisering van probleme te mag aflê
2. Ek verleen toestemming dat my kind vervoer mag word deur 'n openbare busmaatskappy wat goedgekeur is deur die skoolbestuur. Indien daar slegs 'n klein groepie leerders vervoer moet word, kan daar ouers / onderwysers met wettige bestuurslisensies gevra word om leerders te vervoer.
3. Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en dat ek verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die mediese en / of hospitaalrekenings indien van toepassing, in geval van besering wat nie aan die growwe nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.
4. Ek dra my magte as ouer / voog oor aan die Hoof van die skool of sy verteenwoordiger indien mediese of chirurgiese behandeling vir my kind nodig mag wees. Sover ek weet, is hy/sy fisies in staat om aan enige georganiseerde aktiwiteite deel te neem en verkeer in goeie gesondheid.
5. Ek bevestig dat alle mediese inligting voorsien in die Afdeling: Leerderinligting van hierdie vorm akkuraat en volledig is. Hierdie inligting mag gebruik word in enige noodgeval.
6. Ek onderneem om die skool in kennis te stel indien enige van bogenoemde inligting verander.
7. Ek onderneem om my kind te ondersteun in die nakoming van die Gedragskode en dissiplinêre stelsel van Laerskool Swartkop soos vervat in die Skoolbeleid.
8. Hiermee bevestig ek dat enige beeldmateriaal van my kind gebruik mag word vir enige publikasies van die skool, in watter formaat ookal.

Handtekening van Ouer / Voog: ____________________ Datum: ____________________

**VRYWARING**

Ek/Ons die ouers van/Ek die voog van ____________________________________ (naam van leerder) vrywaar hiermee onvoorwaardelik en sonder beperking vir Laerskool Swartkop en of die aandeelhouers van Laerskool Swartkop of enige persoon in diens van Laerskool Swartkop of wat namens Laerskool Swartkop optree teen enige verliese, eise, beserings of dood wat veroorsaak mag word ten opsigte van bogenoemde leerder uit hoofde van sy of haar gebruik van enige van die fasiliteite wat voorsien word deur Laerskool Swartkop.

Geteken te ______________ op ____________ dag van ______________________________

Handtekening van Ouer / Voog : ____________________

# Laerskool Swartkop

## Vrywaringsvorm en Gedragskode

Ek/ons, die ouers / voogde verklaar hiermee die volgende ten opsigte van ons minderjarige kind:

_______________________________________ ________

**LEERDER NAAM EN VAN** **GRAAD**

## POPIA VRYWARINGSVORM (SOSIALE MEDIA)

**MET BETREKKING TOT SOSIALE MEDIA EN BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING**

Ek/Ons verleen hiermee aan **Laerskool Swartkop**

**Toestemming** ☐ **GEEN Toestemming** ☐

om foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) hieronder te vertoon as deel van:

- 'n demonstrasie/projek/aktiwiteit in die loop van klaskameronderrig;
- 'n voorbeeldprojek/-aktiwiteit op CD, datastokkie of ander media wat vir gebruik in opvoedkundige werksessies, klaskamers, advertensies, ensovoorts deur die skool geskep is;
- die skool se webblaaie en sosiale media platforms (waaronder Facebook, Instagram en TikTok);
- voorbeelde wat aan programuitgewers gegee, of wedstrydinskrywings wat by instansies ingedien word;
- video-opnames vir 'n program in verband met die skool wat op 'n televisiestasie uitgesaai sal word; of
- enige gedrukte publikasie, wat insluit, dog nie beperk is nie tot, koerante, tydskrifte, jaarboeke, ensovoorts.

a) Deur hierdie toestemming te verleen, begryp ek dat die skool foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) kan gebruik vir doeleindes soos om prestasies te vier en onderwysgeleenthede bekend te maak, soos wat die skoolbeheerliggaam en die skoolhoof goeddink, en dat sodanige gebruik vertoning in die skoolfotogalery kan insluit.

b) Ek verstaan voorts dat hoewel die skool wat met die foto's/beeldmateriaal/video's verbind word, geïdentifiseer sal word, en volwassenes wat in foto's/beeldmateriaal/video's verskyn, by die naam genoem mag word, geen persoonlik identifiseerbare inligting van die kind(ers), buiten vir die naam/name van die kind(ers), saam met enige foto/beeld/video gebruik sal word nie.

c) Ek onderteken hierdie vrywaringsvorm in die wete dat enige foto's/beeldmateriaal/video's wat op die skool se webtuiste gepubliseer word, deur verskeie nuusorganisasies, waaronder gedrukte, elektroniese en uitsaaimedia, bekom en gereproduseer kan word, en daarom vrywaar ek die skool van enige aanspreeklikheid wat kan ontstaan uit die gebruik van foto's/beeldmateriaal/video's van die kind(ers) in skoolweb publikasies.

d) Daarbenewens begryp ek dat daar moontlike gevare bestaan in verband met die publikasie van foto's, beeldmateriaal en video's op 'n webtuiste, aangesien wêreldwye toegang tot die internet dit onmoontlik maak om te beheer wie toegang tot die inligting verkry.

e) Ek/ons verstaan ook dat indien ek hierdie ooreenkoms wil herroep, ek dit in enige stadium kan doen deur 'n brief aan die skoolhoof te stuur.

f) Ek/ons gee hiermee toestemming dat die skool my/ons persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid; en

g) die skool die leerder se persoonlike inligting (insluitend akademiese, bywoning, gedrag-en ander skoolverwante rekords) wat deur die skool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir die doeleindes van registrasie van die

| Paraaf van Ouer 1 / Wettige Voog 1 | Paraaf van Ouer 2 / Wettige Voog 2 |
|---|---|
| | |

leerder in die skool, die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid.

h) Ek/Ons verstaan dat my/ons kind nie as leerder van die Skool geregistreer kan word en/of dat my/ons kind nie ‘n ingeskrewe leerder van die Skool kan bly sonder dat die Skool sekere van my/ons en my/ons kind se persoonlike inligting, soos deur die Skool versoek, prosesseer nie.

i) Ek/ons bevestig dat ek/ons ingelig is dat die bogenoemde persoonlike inligting in ooreenstemming met die skool se POPI-beleid hanteer sal word, welke beleid op aanvraag beskikbaar is. Ek bevestig dat ek bewus is daarvan dat my/ons regte met betrekking tot die beskerming van my/ons persoonlike inligting ook volledig in hierdie beleid vervat word.

j) Ek/ons bevestig hiermee dat ek/ons verstaan dat dit my/ons verantwoordelikheid is om die Skool in te lig sodra enige van die persoonlike inligting wat ek voorsien het verander en onderneem ek/ons om die Skool spoedig moontlik van sodanige opgedateerde inligting te voorsien.

## GODSDIENSBELEID

Die skool se godsdiensbeleid bevestig leerders se vryheid van godsdiensoortuigings en -beoefening. Die aard van godsdiensbeoefening word deur ‘n skool se Skoolbeheerliggaam bepaal en is ‘n weerspieëling van die meerderheidswens van die skoolgemeenskap. Ten einde sinvol prakties uitvoering te gee aan bogenoemde beleid, word u versoek om die skool van inligting te voorsien soos op die onderstaande gedeelte aangedui.

**Merk asb. die toepaslike blokkie:**

☐ My kind mag aan aktiwiteite van Christelike aard* deelneem.

☐ My kind mag NIE aan aktiwiteite van Christelike aard* deelneem nie.

*Bv: Opening en/of afsluiting met skriflesing en/of gebed (bv. begin en einde van skooldag, funksies soos atletiek of prysuitdeling), saalopening en –afsluiting (begin en einde van skoolkwartaal, weekliks), gewyde sang, Paasfeesprogram, Hemelvaartdiens, VCSV ensovoorts.

## GEDRAGSKODE DEUR OUERS VIR MINDERJARIGE LEERDERS

**DEEL 1A: ONDERNEMING DEUR LEERDER**
**(Ouers onderteken namens minderjarige leerders)**

**Ek verbind my daartoe om:**

- die gedragskode en al die reëls van Laerskool Swartkop getrou na te kom;
- verantwoordelik en ter bevordering van die skool se goeie naam op te tree;
- my skoolwerk ywerig en pligsgetrou te doen; en
- die nodige hoflikheid en respek teenoor alle personeel, mede-leerders en besoekers te betoon.
- Ek onderwerp my aan die skool se dissiplinêre maatreëls indien ek nie die gedragskode en reëls nakom nie.

## EMOSIONELE ONDERSTEUNING

**TOESTEMMING TOT EMOSIONELE ONDERSTEUNING**

Dit gebeur soms dat ons voogonderwysers dit nodig vind om ‘n leerder vir emosionele of ander ondersteuning na ons terapeut/e te verwys. Ten einde die administrasie m.b.t. hierdie proses te vergemaklik, benodig ons ‘n eenmalige toestemming van u as ouer / voog wat vir die duur van hierdie jaar geldig sal wees. Die voogonderwyser sal vooraf met u kontak maak en u is ook geregtig op terugvoering na afloop van die sessies.

**GEE TOESTEMMING** ☐ **GEE NIE TOESTEMMING NIE** ☐

dat my kind emosionele ondersteuning of terapie by die skool se terapeut/e mag ontvang indien ‘n gemagtigde personeellid dit nodig vind. **Terugvoering van die terapeut/e na afloop van sessies is op aanvraag beskikbaar. Iets waarvan ons moet kennis neem (Inligting word streng vertroulik hanteer)**

____________________________________________________________

____________________________________________________________

| Paraaf van Ouer 1 / Wettige Voog 1 | Paraaf van Ouer 2 / Wettige Voog 2 |
|---|---|
| | |

# GEDRAGSKODE VIR OUERS, BESOEKERS EN ONDERSTEUNERS

| Die ouer, die kind en die skool | |
|---|---|
| A | Daar word van elke ouer van ‘n ingeskrewe leerder van die skool verwag om die etos van die skool te ondersteun en so op te tree dat die waardes van die skool gereflekteer word. |
| B | Ouers moet onderneem om ‘n prominente ondersteunende rol te speel as deel van die opvoedingspan van die skool. |
| C | Ouers moet toesien dat hul kinders gereeld die skool bywoon. |
| D | Ouers moet vooraf toestemming verkry as hul kind afwesig gaan wees van die skool. |
| E | Ouers moet ook ‘n doktersbrief inhandig as ‘n leerder weens siekte afwesig was. |
| F | Ouers moet die skool konsidereer in hul besluite en beplanning dat daar nie by die kind die persepsie ontstaan dat die skool ‘n baie lae aansien by die ouerhuis geniet nie. |
| G | Ouers behoort saam met die skool te werk as die skool sekere aanbevelings doen in verband met die kind se skolastiese vordering maak. |
| H | Ouers moet toesien dat hul kinders leer vir toetse of assesseringsopdragte. |
| I | Ouers moet die skool se omsendbriewe lees en daarop reageer as daar skeurbriefies en terugvoer betrokke is. |
| J | Ouers moet hulle kinders medies laat behandel as die skool dit versoek, soos in die geval van kopluise of enige probleme in die verband met die betrokke personeellid bespreek. |
| K | Ouers moet nie hul kinders skool toe stuur as hul kinders siek is nie. |
| L | Ouers behoort aan hulle kinders stewige tasse te voorsien sodat die skool se handboeke nie onnodig beskadig word nie. |
| M | Ouers moet gereeld na hul kinders se skrifte kyk en handtekeninge aan bring, as daar so ‘n versoek gerig word |
| N | Ouers moet deurlopend hul kinders se toetse en skrifte teken. |
| O | Ouers moet verseker dat hul kinders betyds by die skool opdaag, voordat die skooldag begin. |
| P | Ouers moet hul kinders betyds by die skool afhaal wanneer na buitemuurse aktiwiteite. |
| Q | Ouers moet hul kinders kom afhaal by die skool wanneer die kinders by die skool seergekry het en mediese versorging benodig. |
| R | Ouers moet die nodige medikasie aan die skool voorsien indien hulle kinders allergieë, soos byvoorbeeld bysteke, ens. Het. |
| S | Ouers moet ‘n toestemmingsvorm onderteken voordat die leerder aan enige aktiwiteite by die skool mag deelneem of met ‘n bus vervoer mag word. |
| T | Dit bly die ouer se verantwoordelikheid om sy/haar kind by die skool af te haal na skoolsluiting omdat die skool nie verantwoordelikheid kan neem vir leerders na-ure nie. |
| U | Ouers moet bereid wees om die skool te help beveilig in geval van natuurrampe of noodsituasies. |
| V | Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid van enige persoonlike besittings van leerders nie. |

| Verhouding tussen die ouer en die opvoeder/afrigter/skool | |
|---|---|
| A | Die heel beste manier om jou kind se probleme by die skool te hanteer is goeie kommunikasie met die personeel om ’n gelukkige kind by die skool te verseker.. |

| Paraaf van Ouer 1 / Wettige Voog 1 | Paraaf van Ouer 2 / Wettige Voog 2 |
|---|---|
| | |

| | |
|---|---|
| **B** | Ouers moet dus nie nét hulle kind se opvoeders gaan sien wanneer hy/sy ontevrede is oor iets nie. Ouers moet die skool se ouervergaderings bywoon om op hoogte te wees van alle sake rakende die skool. |
| **C** | Volg die regte kommunikasie kanale. |
| **D** | Ouers sal nie en mag nie inmeng met enige opvoedingsproses en enige aktiwiteite by die skool wat as ontwrigtend beskou kan word nie. |
| **E** | Ouers moet die opvoeders erken as plaasvervangende ouers en alles in hul vermoë doen om die opvoeder se gesag te ondersteun en om die kind se vertroue in die opvoeder te verstewig en die verhouding tussen skool en ouerhuis te bevestig. |
| **F** | Ouers moet inisiatief neem om die opvoeders te ondersteun met huiswerkopdragte wat die kinders moet voltooi. Ouers sal dus positief reageer as daar ‘n versoek van die opvoeder kom in projekte wat in die klas aangepak word en tuis voltooi moet word. |
| **G** | Ouers moet die skool ondersteun in die skool se pogings om opvoedingsgeleenthede vir die leerders te skep. |
| **H** | Ouers moet die skool ondersteun as die skool sekere veiligheidsmaatreëls instel om die kinders se veiligheid te verseker. |
| **I** | Ouers moet toesien dat hulle kinders in die regte skooldrag skool toe gaan. |
| **Besoeke aan die skool gedurende skooltyd** | |
| **A** | Alle ouers moet die hoof-/aangewese ingang na die kantoor gebruik. |
| **B** | Ouers moet by die administratiewe kantoor aanmeld na betreding van die skoolterrein. |
| **C** | Enigiets wat aan 'n leerder besorg moet word, moet na die kantoor gebring word waar iemand sal reël dat die leerder dit kom afhaal. |
| **D** | Ouers se toegang tot die skoolperseel ter enige tyd kan gereguleer word ingevolge paragrawe 5 en 8 van die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole. |
| **E** | Oueronderhoude word vooraf op ’n geskikte tyd deur opvoeders gereël. |
| **F** | Gesinsnoodgevalle moet aan die kantoor gerapporteer word, waar die kwessie toepaslike aandag sal geniet. |
| **Optrede teenoor ander leerders deur ouers** | |
| **A** | ’n Ouer mag nie iemand anders se kind nader om iets te bespreek of hom/haar aan te spreek, weens optrede van die kind teenoor sy/haar kind nie en moet die geval aanmeld by die dissiplinehoof wat die saak verder sal neem indien nodig. |
| **Ouers en besoekers se gedrag gedurende skoolbesoeke of enige skoolaktiwiteite** | |
| **A** | Ouers en/of besoekers moet so optree dat hulle nie die skool se naam oneer aandoen of personeel of leerders in die verleentheid stel nie, en hulle gedrag moet van so ’n aard wees dat hulle altyd ’n goeie beeld van die skool na buite uitdra en uitbou. |
| **B** | Ouers en/of besoekers moet selfbeheersing toepas en respek, hoflikheid en verdraagsaamheid teenoor mekaar, opvoeders, leerders, mede-toeskouers, afrigters, skeidsregters, beoordelaars en teenstanders betoon. |
| **C** | Ouers mag nie kultuur-, sportoefeninge en personeel/afrigters onderbreek nie, al is dit om raad te gee, reëlings te tref, terugvoering te vra of klagtes en probleme te bespreek. |
| **D** | Skooleiendom wat gedurende ’n oefening gebruik word, mag nie sonder vooraftoestemming van die skool, en in oorleg met die personeellid wat daarvoor verantwoordelik is, van die skoolterrein verwyder word nie. Indien enige toerusting aan enigiemand geleen word, moet dit behoorlik in ’n register aangeteken word, en moet die persoon in kennis gestel word dat hy/sy vir enige skade of verlies aanspreeklik sal wees. |

| Paraaf van Ouer 1 / Wettige Voog 1 | Paraaf van Ouer 2 / Wettige Voog 2 |
|---|---|
| | |

| Die ouer, besoekers en famililede as toeskouers | |
|---|---|
| **A** | Ouers is verantwoordelik vir die gedrag van enige besoekers wat hulle vegesel. |
| **B** | Hul kind aan te moedig om die reëls van die sport te leer. |
| **C** | Seker te maak dat hul kind korrek geklee is vir beide oefeninge en wedstryde of kompetisies. |
| **D** | Hul kind die waarde van goeie sportmansgees leer. |
| **E** | Nooit hul kind of iemand in sy/haar span verkleineer of berispe vir ‘n fout wat gemaak is of as hul verloor het nie. |
| **F** | Nooit in die publiek ‘n afrigter of skeidsregter se oordeel of eerlikheid te bevraagteken nie. |
| **G** | Nooit kru taal te gebruik nie. |
| **H** | Geen gebruik van alkohol en rook word by die sportveld toegelaat en geduld nie. |
| **I** | Moet ook nie by die sportveld/aktiwiteit onder die invloed van alkohol opdaag nie, |
| **J** | Nooit spelers, afrigters, skeidsregters of ander ondersteuners te dreig of onvanpaste opmerkings maak nie. |
| **K** | Die rol van afrigters en skeidsregters te respekteer en om hul outoriteit op die veld te erken. |
| **L** | Die afrigter se spankeuse te respekteer en te verstaan dat dit die afrigter se voorreg is om te kies wie hy/sy glo die beste spelers vir die geleentheid is. |
| **M** | Die opponerende spelers en afrigters te respekteer. Die waarde van ons afrigters te erken, of hul nou opvoeders of persone van ons skoolgemeenskap is. |
| **N** | ’n Aktiewe rol te speel in die ondersteuning en aanmoediging van u kind in sy/ haar sport van keuse. Seker te maak dat u kind betyds by oefeninge en wedstryde opdaag en weer afgehaal word. |
| **Nie-nakoming van die Ouergedragskode** | |
| **A** | In geval van nie-nakoming van die gedragskode sal die oortreder vriendelik versoek word om die ongewenste gedrag onmiddellik te staak. Indien ’n ouer/ besoeker se gedrag enige skoolaktiwiteit ontwrig, en die persoon nie wil gehoor gee aan die skool of beheerliggaam se versoek om die gedrag te staak nie, is die skool by magte om die persoon toegang tot die terrein te weier en, indien nodig, van die terrein te verwyder of te laat verwyder en indien nodig ‘n klag van betreding te lê by die SAPS. |
| **B** | In die geval waar ‘n ouer of ondersteuner hom/haar skuldig maak aan een van die volgende: |
| **i** | ’n Geveg begin of hom/haar skuldig maak aan enige fisiese of verbale geweld of intimidasie. |
| **ii** | Enige speler, afrigter, skeidsregter of ander toeskouer dreig met fisiese geweld. |
| **iii** | Op die speelveld gaan en enige speler of ander persoon verbaal of fisies aanval of dreig. |
| **iv** | Op so ‘n wyse optree dat dit die goeie naam van die skool in gedrang bring. |
| **C** | Die volgende sanksie sal geld indien ‘n ouer/besoeker homself/haarself skuldig maak aan enige van die bogenoemde gedrag: |
| **i** | ’n Lid van die skoolbestuur, organiseerder van die spesifieke sportsoort/kultuuraktiwiteit, en van die skoolbeheerliggaam sal die ouer of ondersteuner vra om asseblief die area rondom die veld of baan te verlaat. |

| Paraaf van Ouer 1 / Wettige Voog 1 | Paraaf van Ouer 2 / Wettige Voog 2 |
|---|---|
| | |

| | |
|---|---|
| **ii** | Die optrede/insident verder deur die dissiplinehoof ondersoek sal word met die reg om die nodige skriftelike en mondelinge verslae van betrokkenes aan te vra. |
| **iii** | Die dissiplinehoof en die organiseerder nooi die ouer of ondersteuner wat homself/haarself skuldig gemaak het aan bogenoemde om binne sewe dae sy/haar posisie rondom die aangeleentheid voor te lê. |
| **iv** | Indien die dissiplinehoof en die organiseerder van mening is dat die saak verdere sanksie regverdig word dit na 'n Dissiplinêre Komitee van die skoolbeheerliggaam verwys. |
| **v** | Dié Dissiplinêre Komitee van die skoolbeheerliggaam (insluitende die skoolhoof) sal die saak ondersoek en sekere aanbevelings, wat hul as toepaslik beskou, maak aan die skoolbeheerliggaam. |
| **D** | Hierdie aanbevelings mag insluit om die ouer of ondersteuner te verbied om enige byeenkoms waar die skool betrokke is, by te woon vir 'n periode soos deur die skoolbeheerliggaam bepaal is, wat ook enige regsaksie mag insluit. |
| **Verantwoordelikhede van ouers ten opsigte van die Leerdergedragskode** | |
| **Ingevolge Paragraaf 6 in die Riglyne vir Oorweging deur Beheerliggame in die Aanvaarding van 'n Gedragskode vir Leerder berus die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van leerders by hulle ouers/voogde. Daar word verwag dat alle ouers:** | |
| **A** | Ouers moet die skool se dissiplinêre kode ondersteun. |
| **B** | Die skool sal ondersteun en van leerders (hulle kinders) sal vereis om alle skoolreëls en –regulasies na te kom en verantwoordelikheid te aanvaar vir enige wangedrag aan hulle kant. |
| **Ouers en sosiale media** | |
| **A** | Ouers sal nie enige digitale/elektroniese sosiale platform gebruik om enige aanstootlike/ aggressiewe/dreigende/afstootlike/immorele boodskappe te skryf/plaas of ander geskrewe kommunikasie, foto's, video's, klankopnames oor enige aspek van die skool met ander te bespreek of aan te stuur nie. Ouers sal sake met die hoof bespreek of dit onder die hoof se aandag bring. Die skool sal nie enige anonieme kommunikasie wat onder sy aandag kom reageer nie. |
| **B** | Die skool behou die reg voor om enige ongeruimdhede of waar die skool se goeie naam en eer in gedrang kom met die ouer te hanteer |

## ONDERNEMING DEUR OUERS

Ek/ons bevestig dat ek/ons bogemelde ten volle verstaan en vertroud is met die inhoud en onderneem om die gedragskodes van Laerskool Swartkop na te kom.

Onderteken te ________________________________ op die ________dag van ________________________20______

**VUL ASB. IN DRUKSKRIF IN:**

| **Ouer 1 / Wettige Voog inligting** | | **Ouer 2 / Wettige Voog inligting** | |
|---|---|---|---|
| Naam: | | Naam: | |
| Handtekening: | | Handtekening: | |

LAERSKOOL SWARTKOP

SKOOLGELD 2026

ROTSVAS EN KOERSVAS

27 Oktober 2025

Geagte Ouers en Voogde,

## Graad 1 - 7 Skoolfooie vir 2026

Die skoolfooie en terme vir **2026** is soos volg deur die ouers tydens die Algemene Jaarvergadering op 23 Oktober 2025 goedgekeur:

| **Graad 1** | | |
|---|---|---|
| **Opsie 1: Eenmalige betaling** | | **Totaal per jaar** |
| 5% afslag indien **ten volle betaal** teen **31 Maart 2026**<br>**R31 303 na afslag** | | **R32 950** |
| **Opsie 2: 11 (elf) Maandelikse betalings** | | **Paaiement** |
| **Paaiement 1** | Betaalbaar voor of op **7 Januarie 2026** of met inskrywing **ongeag datum van inskrywing** | **R3 840** |
| **Paaiement 2 tot 11** | Maandelikse paaiemente (Feb. – Nov.) vooruit betaalbaar voor of op 7de van elke maand | **R2 911 p.m.** |

| **Graad 2 tot 7** | | |
|---|---|---|
| **Opsie 1: Eenmalige betaling** | | **Totaal per jaar** |
| 5% afslag indien **ten volle betaal** teen **31 Maart 2026**<br>**R26 135** na afslag | | **R27 510** |
| **Opsie 2: 11 (elf) Maandelikse betalings** | | **Paaiement** |
| **Paaiement 1** | Betaalbaar voor of op **7 Januarie 2026** of met inskrywing **ongeag datum van inskrywing** | **R3 360** |
| **Paaiement 2 tot 11** | Maandelikse paaiemente (Feb. – Nov.) vooruit betaalbaar voor of op 7de van elke maand | **R2 415 p.m.** |
| **LW: 3de en 4de leerders van gesin in hierdie skool gehef teen 75% van skoolfooi (Gr RR en R uitgesluit)** | | |
| **BANKBESONDERHEDE** | | |
| absa | **Rekeninghouer:**<br>Bankrekening: | **Laerskool Swartkop**<br>**ABSA BANK** Tjek Rek nr. 16606 700 48<br>Verw.: Familiekode plus waarvoor betaal (bv. 1234 Kamp) |

| **Naskool 2026** | | |
|---|---|---|
| **Per leerder - Vooruitbetaalbaar oor 12 maande (Jan. – Nov.)** | | **R300 eenmalig**<br>**R1 000 p.m. sonder kos**<br>**R1 390 p.m. met kos** |
| **NASKOOL BANKBESONDERHEDE** | | |
| FNB | **Rekeninghouer:**<br>Bankrekening: | **Die Landgoed**<br>**FNB** Lopende Rek nr. 6302 7453 876<br>Verw: Naam en Van |

**Parafeer:** ____________ / ____________

**Ouer 1 / Ouer 2**

## Terme en Voorwaardes

***Paaiement 1** is betaalbaar met inskrywing, ongeag datum van toelating. Alle gelde wat inbetaal word, word **eerstens aangewend ter delging van skoolfooie** (Gr RR tot 7) daarna word toergelde ens. aangespreek. Die kontantvloeibegroting van die skool laat ongelukkig nie ruimte toe vir skoolfooi verpligtinge wat nie stiptelik nagekom word nie.

- Die betaling van skoolfooie is 'n **statutêre (wetlike) verpligting** en betaalbaar in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996.
- Skoolfooie is ten volle en streng vooruit betaalbaar voor of op die 7de van die maand.
- Die vergunning om maandelikse betalings te maak verval onmiddellik indien 'n ouer met **een paaiement agterstallig raak** en is die volle jaarlikse skoolfooie dan onmiddellik opeisbaar en betaalbaar.
- Indien enige ouer se rekening langer as **7 (sewe) dae uitstaande** is sal die skool geregtig wees om sodanige ouer as 'n wanbetaler te lys by kredietburo's.
- Indien enige ouer se rekening langer as **30 (dertig) dae uitstaande** is, sal die skool geregtig wees om regsaksie in te stel vir die invordering van die balans van die skoolfooie vir die volle skooljaar.
- Kragtens **Artikel 39 en 40** van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, is **beide ouers en voogde** gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik om die verpligte skoolfooie te betaal en mag die skool betaling van hierdie verpligte gelde afdwing.
- Ingevolge **Artikel 41 (5) (b)** van die Wet en die versuiming om skoolfooie te betaal, behou die skool die reg voor om ingevolge Artikel 41 van die Wet, regstappe in te stel teen **beide ouers en voogde** vir die invordering van die uitstaande skoolfooie.
- Skoolfooirekeninge word maandeliks per e-pos aan alle ouers gestuur. Slegs ouers wat nie 'n e-posadres het nie, ontvang state per hand.
- Die Naskool word deur Die Landgoed NPC bedryf en state word afsonderlik per e-pos gestuur.
- **<u>Indien u, om watter rede ook al, geen staat ontvang nie, vrywaar dit u steeds nie van u verpligting om stiptelike betalings te maak nie.</u> Die onus rus op u om te verseker dat die skool die korrekte kontakbesonderhede vir beide ouers / voogde het.**
- Kom tref asb. betyds 'n reëling indien u probleme ondervind om u skoolfooie te betaal.

## Debietorderbetalings

Debietorders is die metode wat deur die skool verkies word vir skoolfooibetalings. Indien u van 'n debietorder gebruik wil maak vir die betaling van die skoolfooie, moet u asseblief die **debiteurekantoor kontak vir die korrekte** vorm, dit volledig voltooi en so spoedig moontlik inhandig of per e-pos stuur na debiteure@laerskoolswartkop.co.za. **Debietorders word jaarliks hernu en word ingestel vanaf Januarie tot November en sal verhaal word op die datum wat u op die vorm aandui (1ste, 16de of 26ste)**.

Kontak die skool indien u 'n debietorder wil **kanselleer**. Ouers wat alreeds van debietorders gebruik maak hoef nie weer 'n magtiging te voltooi nie. Skoolfooie sal outomaties elke jaar aangepas word en van u rekening verhaal word.

## Toere en Kampe

**Aangesien toere / kampe vrywillig is, sal ouers nie toegelaat word om toer / kampfondse te betaal in plaas van skoolfooie nie.** Die beginsel van "**oudste skuld eerste**" geld waar skoolfooie agterstallig is. Enige betaling op 'n leerder se rekening sal afgaan teen die oudste skuld op die mees onlangse rekeningstaat. Waar 'n bevredigende skriftelike skulderkenning vir uitstaande skoolfooie bestaan of indien daar met goeie skriftelike redes deur die toer / kamp organiseerder aangevoer word waarom 'n leerder die toer / kamp moet bywoon, mag daar moontlik vergunning gemaak word op diskresie van die Beheerliggaam. NB: Daar is dikwels ouers wat leerders wil borg. Kontak ons gerus indien u 'n behoefte het om hiervan gebruik te maak. U inligting sal as uiters konfidensieel hanteer word.

## Vrystellings

Volgens die nuutste wysigings, soos gepubliseer in die Staatskoerant no. 29311 gedateer 18 Oktober 2006, en soos bespreek tydens die Algemene Ouer Jaarvergadering, mag sekere ouers binne bepaalde voorwaardes kwalifiseer vir gedeeltelike of algehele vrystelling vir die betaling van skoolfooie. Ouers moet **ELKE JAAR** opnuut aansoek doen om vrystelling. **Vrystellingsvorms is vanaf Januarie beskikbaar en moet persoonlik afgehaal word deur die ouer by die debiteurekantoor.** Geen vorm sal vir 'n kind gegee word nie. In die bepaling van algehele of gedeeltelike vrystelling bring die Beheerliggaam in terme van die regulasie in die staatskoerant, die bruto salaris van beide ouers in berekening as 'n persentasie van die skoolfooie. **<u>Vrystellingsvorms moet voor 31 Maart persoonlik ingehandig word</u>.** Alle vrystellingsvorms wat ingehandig word na genoemde datum, moet vergesel wees van 'n brief waarin u die laat indiening motiveer.

Baie dankie vir u samewerking en begrip in die verband.

**Me E Geerlings**
**Skoolhoof**

**Mnr J du Plessis**
**Beheerliggaam Voorsitter**

**Ek/ons neem kennis en onderneem om hierdie bepalings na te kom.**

**OUER 1:** ____________________

**OUER 2:** ____________________

# LAERSKOOL SWARTKOP

*SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NO 84 VAN 1996*

*REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN OUERS VAN DIE BETALING VAN SKOOLGELDE*

## *KONTROLELYS – BETALING VAN SKOOLGELDE (*AANHANGSEL A)

**In terme van die Skolewet en Staatskoerant nr. 29311 van 18 Oktober 2006, moet alle ouers jaarliks formeel ingelig word van hul reg om aansoek te doen om vrystelling van die betaling van skoolgelde. Meegaande kontrolelys moet *jaarliks* deur ouers voltooi en aan die skool teruggestuur word.**

**Aansoeke om vrystelling sluit jaarliks op 31 MAART. Daarná sal slegs aansoeke van nuwe leerders en ouers wie se finansiële omstandighede skielik verander (bv. waar die ouer sy werk verloor), oorweeg word.**

**(Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie)**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Het u die aangehegte skoolgeldbrief deurgelees en is u bewus wat die jaarlikse bedrag betaalbaar is t.o.v. skoolgelde? | JA | NEE |
| 2 | Die betaling van skoolfooie is 'n **statutêre (wetlike) verpligting** en betaalbaar in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996. Neem u kennis dat u verplig is om skoolgelde te betaal, tensy u kwalifiseer vir totale of gedeeltelike vrystelling van die betaling van skoolgelde? **(Sien skrywe met skoolgeld terme en voorwaardes aangeheg).** | JA | NEE |
| 3 | Neem u kennis dat u die reg het om aansoek te doen om vrystelling van die betaling van skoolgelde? **(Sien skrywe met skoolgeld terme en voorwaardes aangeheg).** | JA | NEE |
| 4 | Wil u aansoek doen om sodanige vrystelling? | JA | NEE |
| Indien u hulp benodig met die invul van die aansoek, besoek asb. die Debiteurekantoor vir bystand. | | | |
| **Neem kennis** | **Indien u wil aansoek doen om vrystelling moet u die aansoekvorm (Bylae B) persoonlik kom afteken by die skool en inhandig tesame met die stawende dokumentasie. Geen dokumente mag vir leerders gegee word nie.** | | |

**PLEASE NOTE THAT THIS FORM IN ENGLISH CAN BE COLLECTED FROM THE SCHOOL'S OFFICE IF REQUIRED.**

| | | |
|---|---|---|
| **NAAM EN VAN - OUER 1** | **HANDTEKENING VAN - OUER 1** | **DATUM** |
| **NAAM EN VAN - OUER 2** | **HANDTEKENING VAN - OUER 2** | **DATUM** |

**NAAM VAN KIND/ERS IN SKOOL**

**FAMILIEKODE**
**(INDIEN REEDS INGESKRYF)**

**H/v Viking- en Campbellweg, Valhalla | Tel: 012 654 1181**
**E-pos: debiteure@laerskoolswartkop.co.za | www.swarries.co.za**